



DIE SWIDOOSTER

Skoolkoerant van Laerskool Jan van Riebeeck

MAART 2019, UITGAWE 1

GESOEK

Deur Alet Hitge

Die ligte flits... Die perde se hoewe weergalm op die houtvloer... Die mense doen 'n lyndans... Orals is plakkaat op van onderwysers wat gesoek word. Dan weet jy, jy is by die Wilde Weste Sokkie! Van Kroeks tot Indiane... *Cowgirls* en *Cowboys*, die sokkie het alles gehad!

Die saal se plafon was versier met stringe klein liggies en vlaggies. Die hooibale was opgestapel op die verhoog en die

kaktusse het teen die mure geleun. Groepies vriende het by die watergat en op die dansvloer gekuier.

Die platejoggie (DJ) het baie lewendige musiek gespeel. Die juffrouens het gedeel in die pret en op die verhoog almal gewys hoe 'n mens lyndans.

Daniella Coetzee in Gr.7 sê dat sy haar laaste sokkie baie geniet het. "Dit was 'n goeie einde vir die laaste laerskool sokkie. Ek was mal daarvoor toe die onderwysers saam

met ons gelyndans het. Die dekor was fantasties en volgens my was hierdie die beste tema van die afgelope drie jaar."

Matilda Laubser (Gr.7) sê weer dat sy hartseer is dat dit die laaste sokkie was, maar dat sy opgewonde is oor al die Hoërskool sokkies wat voorlê. "Die musiek was baie goed en ek het lekker saam met my vriende gedans. Ek was verbaas oor die leerders se danspassies. Ek het nie geweet dat hulle so goed kan dans nie!"



Die seuns het dit omtrent geniet om vir 'n aand lank Cowboys te wees. V.l.n.r.: Jozshua Crutz-Knipe, Christiaan Lourens, Wiaan Kotze, Pierre Becker en Roelf van der Merwe.

VAN DIE REDAKTEUR

Ons het vanjaar somer vinnig aan die werk gespring en die kwartaal ten volle aangepak!



Lees gerus meer oor ons swemgala en al die rekords wat gebreek is, die isiXhosa kompetisie en oor Stef Bos en sy asemrowende sangtalent. Vind meer uit oor ons vier nuwe onderwysers en lees 'n bietjie wat Mense van Kaapstad oor hul lewens te sê het.

Ons almal hoop julle het die kwartaal geniet en sien uit na nog 'n fantastiese kwartaal wat vir ons voorlê. Geniet die vakansie en kom veilig terug!

Groete
Mari Swanepoel

Redaksie

Redakteur van die uitgawe:
Mari Swanepoel

Redaksie:

Kaylin Grobler
Alet Hitge
Peet Karsten
Bernard Lombaard
Marianne Nel
Liezal Snijders
Anna van Biljon
Jacomien vd Westhuizen
Owen vd Linde (fotograaf)
Thornley Webber

Skakelwerk en bladuitleg:

Juf. M. van Zyl
Juf. S. Burger

Redigering en proeflees:

Juf. M. Oosthuizen
Juf. M. van Zyl

Susie in die kollig

Deur Thornley Webber

Hierdie jaar het ons 'n baie spesiale graad eentjie by ons in Laerskool Jan van Riebeeck: Susie Samuel. Hierdie delikate klein mensie kan vlot lees en boonop is haar oma die beroemde digter, Antjie Krog! Ek het 'n bietjie meer oor hierdie unieke meisiekind gaan uitvind...

Wanneer het jy begin lees?

Ek het begin lees toe ek drie jaar oud was.

Wat is jou gunsteling boek?

My gunsteling boek wat ek al gelees het is definitief 'Hart van Ink' a.g.v. al die fantasie en diere in hierdie storieboek.

Hoe gereeld lees jy?

Ek lees elke dag vir twee ure

op my bed.

Het jy al enige gedigte of stories geskryf?

Ja, ek skryf gereeld stories op my rekenaar.

Wat is jou gunsteling stokperdjie?

Ek geniet dit vreeslik om met my Lego te speel.

Het jou oma jou gehelp met jou lees- en skryfvaardighede?

Ja, sy het my baie gehelp en ek is verskriklik opgewonde, want sy gaan een van die dae kom kuier!

Nou ja, lyk vir my ons het dalk 'n toekomstige wêreldberoemde digter of skrywer in ons midde!



Suidooster familie



Ons Suidooster redaksie vir 2019, agter v.l.n.r.: Owen van der Linde (fotograaf vir kwartaal 1), Peet Karsten, Lukas Wasserman (fotograaf vir kwartaal 2), Thornley Webber, Kaylin Grobler, Anna van Biljon en Alet Hitge. Voor v.l.n.r.: Mila Nicolella (fotograaf vir kwartaal 3), Liezel Snijders, Jacomien van der Westhuizen en Marianne Nel. Afwesighede: Mari Swanepoel (redaktrise vir die kwartaal), Bernard Lombaard en Raine Bence (fotograaf vir kwartaal 3).

'n Venster na die wêreld...


Deur Peet Karsten

Die bekroonde skrywer, Fanie Viljoen, het ons skool besoek om met die graad sewes kom gesels. Hy het ons meer vertel oor sy agtergrond, van sy opwindenste boeke en het ook 'n paar skryfwenke met ons gedeel.

Sy boek, *Onderwêreld*, handel oor kuberkrakers. Dit is 'n spannende boek wat veral deur tegnologielifhebbers geniet sal word. Een van sy ander boeke, *Leeus met Let-sels*, vertel die storie van 'n

seun wat na 'n wildreservaat in Afrika trek om saam met sy pa te gaan woon. In die proses beleef hy vele avonture. Hy skryf ook romantiese verhale soos *Veldiep*, wat die selfbeeld tema bespreek en is die skrywer van die boek, *Jou Romeo*, gebaseer op die Afrikaanse film.

"'n Boek kan soos 'n venster wees waardeur jy na die wêreld kyk," - een van Fanie Viljoen se gunsteling aanhalings. Ek hoop almal voel geïnspireerd om die vakansie 'n goeie boek te lees!



Fanie Viljoen se boek, *Onderwêreld*, is goeie leesstof vir die vakansie.

FANIE VILJOEN HET OOK 'N BOEK, JOU ROMEO, GESKRYF GEBASEER OP DIE FILM. 'N MOET LEES!

Volksvreemde geite

Deur Kaylin Grobler

Braai, ons almal hou daarvan, reg? Wel, het jy geweet dat nie alle lande aan iets soos braai blootgestel is nie? Hulle het weer ander maniere van kosmaak.

Mense is almal verskillend, en dis 'n goeie ding. Verbeel jouself dat daar nie diversiteit was nie. Ja, daar sou miskien minder konflik wees, maar die lewe sou so vervelig wees. Lees bietjie oor die verskillende en vreemde kulturele gebruike in ander lande:

- In Singapoer is dit teen die wet om kougom te verkoop, te koop, te kou of uit te spoeg.
- In Frankryk kan jy met 'n dooie persoon trou.
- Vir Chinese is dit heeltemal aanvaarbaar om spaghetti op te slurp in 'n restaurant.
- In Griekeland is dit 'n tra-

disie om te maak of jy op die bruid spoeg vir geluk.

- Dis taboe in Suid-Korea om iemand se naam in rooi te skryf, want dooie mense se naam word in rooi geskryf.
- In Japan kan mens 'n mooi man huur om hartseer films saam met jou te kyk en jou trane weg te vee. Die Japane dra ook graag maskertjies om kieme te vermy (en sommiges sommer net om geselskap te vermy). Verder is daar ook mense aangestel op ondergrondse treine om

meer mense in die trein in te druk wanneer die spatie min raak!

Hierdie is net 'n paar ongewone gebruike en kultuurfaktore van ander lande. Onthou, op eie bodem lyk al hierdie goed uiters vreemd, maar as ons as Suid-Afrikaners praat van biltong of beestong en hoe ons soms na die see toe ry, maar in die kar bly om die uitsig te geniet, dink die mense van ander lande seker dieselfde van ons...



Die ondergrondse treine in Japan word so volgeprop dat mense aangestel is om 'n handjie by te sit.

Sifunda isiXhosa

Deur Mari Swanepoel

Vanjaar word daar 'n groot isiXhosa kompetisie gehou vir blootstelling aan die taal.

isiXhosa is die tweede mees gesproke taal in Suid-Afrika en daarom sal dit goed wees

as ons met ons medelandgenote in isiXhosa kan praat. Die kompetisie gaan ons help om die basiese terme van die taal te kan verstaan en daarop te reageer.

Die kompetisie het hierdie kwartaal begin en vind oor 'n

tydperk van 20 weke plaas. Elke week leer jy vyf isiXhosa woorde. Daar is groot pryse op die spel vir die leerders en die onderwysers!

Hieronder is die woorde wat ons hierdie kwartaal geleer het:

Molo: Hello (een persoon)

Molweni: Hello (meer as een)

Unjani: Hoe gaan dit? (een persoon)

Ninjani: Hoe gaan dit? (meer as een)

Ewe: Ja

Hayi: Nee

Nceda: Asseblief

Enkosi: Dankie

Uxolo: Jammer

Amanzi: Water

Ubisi: Melk

Ekohlo: Links

Ekunene: Regs

Sala kakuhle: Totsiens

Imfono-mfono: Telefoon

Ikofu: Koffie

Inye, zimbini, zintathu: Een, twee, drie

Isibhedlele: Hospitaal

Isitshixo: Sleutel

Ibhedi: Bed

Indlu: Huis

Ibhasi: Bus

Imoto: Kar

Ishawa: Stort

Ai ma di bande wat ons smee

Uit die nuuskantoor

...and united we shall stand.
Let us live and strive for
freedom in South Africa our
land!

Die woorde van 'n lied wat ons as Suid-Afrikaners kan saam sing, ongeag ons agtergrond. En dit is presies waarvoor Nelson Mandela, 'n merkwaardige man, baklei het.

Jare later is hy nog steeds vir ons 'n inspirasie, soveel so dat daar 'n nuwe beweging,

iMadiba, begin is. Die kunstenaar, Erhardt Thiel, wou 'n omgewing skep vir moeilike gesprekke om plaas te vind, sodat ons oplossings kan vind en mekaar se denkwyse kan uitdaag.


Erhardt het 'n mikro-museum ontwerp wat tans al by drie skole opgerig is, waarvan Jan van Riebeeck een van hulle is. Dit bestaan uit vier muurtjies wat die presiese grote van Mandela se sel op Robbeneiland is toe hy daar in die tronk was. Daar is ook 'n paar paaltjies op die agter-

ste muurtjie wat die tralies van die tronk voorstel. Die feit dat daar net 'n paar tralies oor is, stel voor dat ons amper heeltemal vry is van die verlede, maar dat daar nog ruimte is vir gesprekke om plaas te vind.

Die inhuldiging van die *iMadiba* mikro-museum het gesorg vir groot opwinding by die skool. 'n Hele filmspan het die gebeure vasgevang wat later uitgesaai is op televisie. Ons hoop die spatie wat geskep is, kan gebruik word soos bedoel.



Leerders in gesprek met Erhardt Thiel in die *iMadiba* mikro-museum.



Mandela se boodskap aan LjvR is nou teen die muur in die voorportaal opgesit.



Die volkslied is uit volle bors deur die Jannies gesing.



Tom Moses het ons vertel van die lewe in die tronk op Robbeneiland.

Aanhouer swem

Deur Jacomien van der Westhuizen

Daar was 'n gedreun in ons gange terwyl die graad 4-7 leerders regmaak vir die jaarlikse swemgala wat vanjaar op 1 Maart plaasgevind het. Dit was die tweede jaar wat ons die junior en senior swemgalas apart hou en dit was weereens 'n groot sukses.

Die oranjiespan het vir die 3de jaar in 'n ry die blouspan geklop. Die blouspan was na die juniorgala agter, maar het vinnig punte bymekaargemaak tydens die seniorgala

en gesorg dat die gaping bietjie kleiner is. Baie geluk aan Sophia Liebenberg, Kianna Liversage, Alexander Benecke en Dawid Adler wat as die senior- en juniorbekerwenners aangekondig is. Daar is in totaal twaalf rekords gebreek. Sophia Liebenberg en Alexander Benecke het elk twee rekords gebreek. Die 0/13

Swemgala, swemgala, graad 1 tot 3
Die ouderdom waar die kinders nog in die water wil piepie
Maar lekker was dit wel
Dit kan ons jul vertel!

Die kinders was baie braaf
In daardie warm hitte
Die gebeurtenis het vinnig verloop,
Of so sê mnr. Pieterse

Splish-splash die heeldag deur
Soos die klein kampioene
Deur die water beur

Dit was baie opwindend,
Dankie, meneer!
- Deur Kaylin Grobler

dogters oranje aflosspan het

'n rekord gebreek met 'n vinnige spoed van 1 minuut en 5 sekondes. Mari Swanepoel in graad 7 sê: "Die junior- en seniorgalas wat nou apart gehou word, is baie meer georganiseerd en daar is meer spasie vir toeskouers. Ek dink die Gr.4-7 leerders het baie gees gehad, wat die gala ekstra lekker gemaak het!"

Baie dankie aan al die onderwysers, leerders en ouers wat gehelp het dat hierdie galas so vlot verloop het!



Die swembad se water is onlangs verhit en maak die swemmers selfs meer opgewonde om die water aan te durf.



Sophia Liebenberg het hierdie jaar weereens puik presteer by die gala en het twee rekords verbeter.



'n Klompie entoesiastiese swemmers pak die swemgala met selfvertroue aan!

SPORTBLAD



Die Jannies oefen hard by die hokkie kliniek. Hokkie sal van volgende kwartaal af by ons skool aangebied word.



Ons bekwame skaakspan is omtrent talentvol. V.l.n.r.: Melandi du Plooy, Louis Bosman, Emma Snijders, Liezel Snijders, Petrus Bosman, Jan Karsten, Keegan Schoeman en Bernard Lombaard.

Toegewyde tennisspelers

Deur Peet Karsten

Dit is wonderlik om te sien hoe baie kinders in Jan van Riebeeck deesdae tennis speel. Voor skool, in pouse, na skool, selfs in LO-periode kan 'n mens deesdae tennissesse neem! Hierdie groei in belangstelling is regtig iets om op trots te wees. In graad 2, toe ek my eerste wedstryd gespeel het, was daar slegs twee tennisspanne. Vandag het ons sommer 'n A, B, C en D-span en nog vele meer kinders wat uitspeel vir posisies.

Tennis word gesien as een van die beste sporte om te beoefen. Dit maak jou fiks, ontwikkel goeie koördinasie,

leer jou om in goeie gees te wen en verloor en kan boonop tot op jou oudag beoefen word.



Die tennisspelers oefen selfs al voor skool en tydens pouses om hul spel te verbeter.

Nuwe takke vir Jannie stamboom

Deur Anna van Biljon en Peet Karsten

Ons het weer hierdie jaar 'n paar nuwe gesigte by Jan van Riebeeck bygekry. Daar is 'n hele paar nuuskierige Jannies wat meer wil weet van hierdie nuwe onnies, so *Die Suidooster* het bietjie gaan vis vir inligting.

Juffrou Lucinda Crous (Gr.3C)

Waar was Juffrou voor jy by Jan van Riebeeck begin onderrig het?

Ek was 'n onderwyseres by Laerskool Kenridge.

As Juffrou na enige plek in die wêreld kon gaan, waar sou dit wees?

Italië was nog altyd nommer een op my reis-wenslys.

Het Juffrou 'n troeteldier?

Ja, ek twee *Schnauzers*.

Wat is Juffrou se grootste vrees?

Ek was nog altyd bang vir hoogtes.

Meneer Warren Stoman (Gr.5S)

Mnr. Stoman is ook betrokke by die O/11-krieketspan.

Hy was self 'n professionele krieketspeler en het op hoëskool die Bolandspan verteenwoordig. Na skool was hy deel van die WP-span, maar 'n enkelbesering hou hom tans uit krieket.

By watter skool het meneer klasgegee voor Jan van Riebeeck?

Ek het by Laerskool Eversdal onderrig.

Wat was meneer se gunsteling sport as kind?

Krieket en rugby.

Wie is meneer se sportheld?

Muhammad Ali - vir sy selfvertroue.

Wat was meneer se gunsteling vak op skool?

Besigheidstudies en Wiskunde.

Het Meneer enige stokperdjies?

Om te stap in die natuur en aktief te bly.

Wat verkies Meneer uit die volgende:

Soet of sout - soet

Sushi of pizza - pizza

Katy Perry of Taylor Swift - Taylor Swift

Honde of katte - honde

Messi of Ronaldo - Ronaldo

Juffrou Maricque Roos (assistent juffrou Gr.1-3)

Sy het grootgeword in Durbanville en het ook daar skoolgegee. Sy het 'n passie vir sport en geniet dit baie om met kinders te werk.

By watter skool het juffrou onderrig voor Jan van Riebeeck?

Durbanville Voorbereiding.

Wat is juffrou se stokperdjies?

Om sport te beoefen.

Watter sporte beoefen juffrou?

Hokkie en aksienetbal.

Wie is juffrou se sportheld?

Roger Federer.

Wat was juffrou se gunsteling vak op skool?

Wiskunde.

Wat verkies Juffrou uit die volgende:

Koffie of tee - koffie

Rugby of krieket - rugby

Wiskunde of tale - Wiskunde

Coke of water - water



Juf. Lucinda Crous - Gr.3C




Mnr. Warren Stoman - Gr.5S



Juf. Maricque Roos - Assistent Gr.1-3

LEES OOK MEER OOR ONS NUWE ISIXHOSA JUFFROU OP DIE VOLGENDE BLADSY...



Titshalakazi Zuki with her very own book, *Home Along the Keiskamma River*.

Zuki Pakama

Wamkelekile titshalakazi Zuki! A young and vibrant isiXhosa teacher, Zuki Pakama, has joined us at the start of this year.

Where did you grow up?

I was born in Mdantsane, East London. When I was seven, we moved to Hamburg, Eastern Cape. I did all my schooling there and my tertiary education in East London.

What is your favourite childhood memory?

My favourite childhood memory is picking up hail stones. To us kids this was a treat. We have never seen ice falling down!

What work did you do before joining us?

I did a lot of freelance work like writing short stories for Fundza and translating and transcribing for films. I was also a scriptwriter for a kids' show that airs every day at 3pm on SABC 3 called Hectic on 3.

What do you like most about being an isiXhosa

teacher?

I think it's my love for children and my love for languages. The kids are also teaching me Afrikaans, which is something I think could help me in the long run as a writer.

What is your greatest achievement to date?

To have my books published and winning some writing awards.

What do you do in your spare time?

I like travelling and cooking or trying new recipes. I like spending time with my nieces. I read a lot.

What is your favourite isiXhosa word and why?

Uthando (love). I think that the word is like a warm blanket that we all need. Nothing can prosper without love. This is a magic word to me...

VREEMDE BEROEPE

Moooelike werk hierdie!

Deur Bernard Lombaard

Reg, so ons almal ken boere, veldwagters, veeartse en mense wat na diere omsien. Maar het jy al ooit gewonder waar van hierdie “nuwe” dierespesies vandaan kom? Wel, dis waar veetelers inkom. Veetelers moet spesies se genetika kombineer om nuwe spesies met nuwe eienskappe te maak.

Veeteling kan of deur middel van natuurlike metodes of kunsmatige inseminasie plaasvind. Veetelers kies die beste en sterkste vee om mee te teel en sodoende die generasie te verbeter. Hulle kan ons toekoms verskriklik baie verander.

‘n Gemiddelde veeteler word ‘n salaris van tussen R525 668 en R628 485 per jaar betaal.

Jy kan besluit of jy wil spesialiseer of net in die algemeen werk met diere. As jy wel wil gaan studeer om ‘n vee-

teler te word, moet jy eers ‘n baccalaureus graad verwerf. ‘n Mens studeer gewoonlik minstens drie jaar op universiteit vir so ‘n graad, wat vir jou toestemming gee om te spesialiseer in iets soos veeteling. Gaan lees gerus meer oor hierdie werk!



Veeteling vind gewoonlik plaas met die sterkste vee.

Mense van Kaapstad

Deur Marianne Nel en Mari Swanepoel

Ons is 'n mengelmoes van kulture in Kaapstad, maar tog voel dit soms of ons nie die geleentheid gebruik wat dit ons bied nie. Mense van Kaapstad is begin om ons hierdie geleentheid te help raaksien en ons aan verskillende mense bloot te stel.

Vusi Mokwana



Vusi is 'n baie suksesvolle besigheidsvrou wat baie hard gewerk het om te kom waar sy vandag is. Sy vergelyk haar storie met die van die *Lelike eendjie*. Vusi was die enigste kind in haar skool wat in 'n township grootgeword het. Haar klasmaats het vertel van hul leefwêreld en dit het Vusi en haar familie stomgeslaan.

Sy het besluit om haar verskille te gebruik om ander te help, in te lig en te bemagtig. Sy is 'n sprekende bewys dat as jy hard werk en vir die sterre mik, jy sukses kan behaal. Sy leef haar lewensfilosofie: "Embrace your differences, find the swan inside yourself."

Quanita Adams



Sy is 'n bekende gesig op die kassie, silwerskerm en verhoog. Sy is bekend vir haar rolle in *KykNet* se *Binnelanders*, *Orion* en *Sarah Se Geheim*. Sy het gehore laat huil van die lag met haar rolle in *Jimmy Pienk*, *Konfetti* en *Susters*.

Quanita kom uit 'n Engelse familie. Sy het op die Kaapse vlakte grootgeword en het by 'n Afrikaanse skool aangesluit. As deel van 'n handjie vol bruin kinders in 'n wit privaatskool waar almal Afrikaans gepraat het, het sy aanvanklik gesukkel om te kommunikeer en vriende te maak. Quanita se familie was ook half Christen en half Moslem en sy het nie geweet waar sy hoort nie. Sy praat van 'n GPS binne ons wat ons op die regte pad sit na waarheen ons moet gaan. Sy het besef dat dit haar verskille is wat haar spesiaal maak. Iets wat sy gesê wat my geraak het, was: "What makes you different, makes you magic." Quanita is 'n uitstekende voorbeeld van iemand wat, ten spyte van haar omstandighede, hard gewerk het en bo uitgestyg het.

Zelda la Grange



Oud-president Nelson Mandela se persoonlike assistent van negentien jaar, Zelda la Grange, het ons skool besoek vir die iMadiba inhuldiging. Nie net was sy sy assistent nie, maar sy het ook saam met Mandela na belangrike funksies toe gegaan en belangrike mense ontmoet.

Sy was saam met hom op reis en het die wonderlikste stories van hul tyd saam. Hulle het by. in Engeland by koningin Elizabeth gaan kuier. Mandela het haar toe op haar naam genoem. In baie lande is dit disrespekvol om 'n belangrike persoon op die naam te noem, maar Mandela het homself verdedig deur te sê dat koningin Elizabeth hom dan Nelson noem, so hoekom mag hy haar nie Elizabeth noem nie?

Zelda vertel dat een van Mandela se gunsteling aanhalings was: "Deur harde werk kan jy enige iets vermag". Sy het haar toespraak afgeëindig deur te sê dat as Mandela ook in die saal was saam met ons, sou hy gesê het, "Ek is baie, baie lief vir ieder en elk van julle."

Help woeps waps vir Wupperthal

Deur Anna van Biljon

Wupperthal is 'n pragtige, historiese dorpie in die Cedarberge. Ongelukkig het daar op 30 Desember 45 huise, 'n gemeenskapsaal, 'n kerk, 'n restaurant, 'n kliniek en 'n historiese Morawiese sendingstasie afgebrand. Meer as die helfte van die dorpie is verwoes en ongeveer 200 mense is haweloos gelaat na die brand.

Die Jannies het *Help vir Wupperthal* begin, en oor 'n tydperk van twee weke 'n enorme hoop klere, meubels, toiletware en speelgoed ingesamel.

Die Gr.7's het sakke vol skenkings gesorteer en die terreinpersoneel gehelp om alles in 'n groot skeepsvrager te laai. Daar was selfs 'n bed! Toe ek vir juffrou Schultz vra hoekom ons goed

insamel vir Wupperthal en nie vir ander plekke waar dit ook gebrand het nie, het sy gesê: "Wupperthal is 'n verafgeleë sendingdorp, wat beteken dat hulle staatmaak op ander mense se hulp. Dit is ook 'n baie spesiale en historiese plek."

Ons hoop almal dat Wupperthal gou sal herstel van hierdie tragedie en dat nog mense sal inspring en help!



Die graad sewes help om die skenkings te sorteer.

Pragtige klanke in Kaapstad

Deur Liezel Snijders

Stef Bos is 'n Hollandse sanger wat in Kaapstad woon. Hy sing in Nederlands, Vlaams en sy nuutste liefde, Afrikaans. Hy is sedert sy treffer, "Papa", suksesvol in België, Nederland en Suid-Afrika. Dié Hollander is bekend vir sy passie vir musiek en sy betekenisvolle lirieke.

Stef het ingestem om ten bate van die skool se Beursfonds by die skool op te tree. Hy het die aand begin deur voor ons skool se vleuelklavier in te skuif, die ligte te verdoof en 'n romantiese atmosfeer

te skep. Almal kon ontspan en niemand was verder bekommerd oor beurtkrag wat vir die aand geskeduleer was nie...

Stef en Varenka is die trotse ouers van 'n seun en twee dogters, waarvan twee (Lorelei en Kolya) Jannies by ons skool is! Lorca Liria is die jongste dogter. Hy spandeer heelwat van die jaar saam met sy familie in Kaapstad terwyl hy skryf, sing en vertonings doen in die taal wat hy noem "fenomenale Afrikaans".

Sy liedjies is gebore uit eenvoudige idees oor innerlike

reise en sosiale verkennings en waarnemings oor die wêreld rondom hom. Waar hy ook al gaan, neem hy sy verstandelike kamera en verbeelding saam, wat hy dan in lirieke verwerk.

Daar was vele hoogtepunte, onder andere sy vertolking van sy vriend Ralph Rabie (ook bekend as Johannes Kerkorrel) se liedjie, *Hillbrow*.

Die ouers, kinders en onderwysers van JvR is ongelooflik dankbaar aan Stef vir die wonderlike aand wat hy aan ons geskenk het. So voed die kunste die kennis!

GEVIND!



OOSIE "BABYFACE" OOSTHUIZEN



Cameron Vermeulen en Keanu Beeftink



Juf. Lucia de Jager



Gr.5 "Cowgirls"



Darren Cloete



Gr.7 "Cowgirls"